



Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

ONDERNEMING VIR LEERDERS WAT GEBRUIK MAAK VAN DIE H T S JOHN VORSTER SE BERGROETE

NAAM EN VAN : **KLAS:**.....

Ek verstaan dat die gebruik van die bergroete 'n voorreg is en daarom onderneem ek om by die reëls te hou. Die onderneming is ook van toepassing op die leerders wat gebruik maak van die fietsloods op die terrein van die kerk.

Ek onderneem

- om te alle tye al die skoolreëls, soos vervat in die gedragskode van HTS John Vorster, na te kom tydens die gebruik van die bergroete,
- om in alle situasies so op te tree dat die beeld van HTS John Vorster nie skade ly nie,
- om slegs in die skool se voetpaadjie te beweeg en nie enige ander terrein te betree tydens die gebruik van die bergroete nie,
- om slegs in die vasgestelde tye die roete, ter wille van my eie veiligheid, te gebruik,
 - oggende tussen 06:00 en 07:30
 - middag tussen 14:00 en 15:30
 - reëlins tydens eksamens word addisioneel getref,
 - na 15:30 gaan alle gebruikers hoofhek toe en wag daar totdat die wag die hele groep om 17:00 oor die berg neem. Die roete sluit dan 17:00.
- om my te onderwerp aan enige tugmaatreëls wat aan my opgelê mag word, indien ek my skuldig maak aan 'n oortreding van die gedragskode. Die oortreding van die gedragskode kan lei tot onmiddellike opskorting van die voorreg om die bergroete te gebruik,
- om die bergroete op eie risiko te gebruik,
- om te alle tye die voorgeskrewe toegangskartjie te toon om toegang tot die bergroete te verkry en ek verstaan dat toegang tot die bergroete geweier mag word, sou ek nie my toegangskartjie kan toon nie.

Handtekening :
Leerder

.....
Ouer/voog

Kontaknommer: Leerder : Ouer/voog:

Datum :
📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📧 info@htsjv.co.za
📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134